

April 2011

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Nog 'n stukkie Pretoriana bewaar

My broer Francois het onlangs nóg 'n ou Pretoria horlosie gekry. Ongelukkig is dit net die gesiggie van die horlosie en makeer die res. Hopelik sal hy nog eendag 'n volledige een opspoor. Die datum waarop dit vervaardig/verkoop is is ongelukkig nie bekend nie. Dit kom van die firma Bernhard & Mayer.



Die firma Bernhard & Mayer het Lohner se besigheid oorgeneem [sien Pretoria-briewe van Oktober en November 2008]. Die datum is nie bekend nie, maar in Lola Dunston se kaart van van 1889 verskyn die besigheid van Bernhard & Mayer ("Watchmakers and Jewellers") aan die noordekant van Kerkstraat tussen Queen- en Andriesstraat [Dun-01 p7].

Die volgende advertensie verskyn in De Volksstem van 25 Oktober 1888:

Bernhard & Mayer  
(Voorheen: G. Lohner)  
Horlogiemakers en Juweliers  
Pretoria

---

Uitmuntende Horlogies, Klokkens  
Muziekdozen en Juwelierswaren van de  
beste kwalliteit

Ek kan my nie 'n tyd voorstel toe daar nie telefone was nie. Voor die komste van die telefoon was dit soms maar moeilik om 'n mediese dokter in die hande te kry. In De Volksstem van 25 April 1889 is 'n kennisgewing dat mense boodskappe vir dr. Davey by die winkel van Bernhard en Mayer kon los.

Vir baie jare het daar 'n sogenaamde "pedestal clock" [staanhilosie] op die sypaadjie voor die winkel gestaan. Dit het amper soos 'n hedendaagse parkeermeter gelyk. Volgens Lola Dunston [Dun-01 p106] is dit heel moontlik dieselfde een wat eers voor die juwelierswinkel van Ducommun gestaan het.

In 1898 was A. Bernhard die vise-voorsitter van "De Duitsche Ziekenhulp-Vereeniging", waarvan die bestuur bestaan het uit C. Marquardt [Voorsitter], E.G. Davis [Thesaurier], H. Hockstetter [Sekretaris], E. Elwert, J. Kohler, A. Krant, C. Simon en A. Wolter [Sta-02 p328]. Die daaropvolgende jaar word hy aangewys as die voorsitter [Sta-03 p309].

In Longlands van 1899 [Lon-01 p27, p37, p117] was Bernhard & Mayer se winkel nog steeds in Kerkstraat en het A. Bernhard op die hoek van Vermeulen- en Du Toitstraat gewoon. Lola Dunston sê hy het tot 1905 of 1906 nog daar besigheid gedoen. Die naam Bernhard & Mayer verskyn nie in Lochhead's van 1913 nie en op die perseel in Kerkstraat is nou die juwelierswinkel van Dustin & Co. [Loc-01 p249].



Hier is 'n foto van A. Bernhard voor sy winkel [Dun-01 p113]. Links op die foto sien ons die horlosie wat op die sypaadjie gestaan het. Ek wens die foto was duideliker sodat ek die items in die venster kon identifiseer.

A. Bernhard is begrawe in die ou Kerkstraat Begraafplaas. Volgens die inskripsie op die graf is sy geboortedatum 22 November 1864. Sy eggenote Kathleen Fitzpatrick [27 Aug. 1864 – 8 Jun. 1937] is ook daar begrawe. Haar geboorteplek word aangegee as Tralee, County Kerry, Skotland [And-03 p5].

### Bronnelys

And-03 Andrews, Tom. **God's Acre: Church Street Cemetery.** 1994.

Dun-01 Dunston, Lola. **Young Pretoria 1889-1913.** Lola Dunston: Pretoria. 1975.

Loc-01 **Lochhead's Guide, Hand-book, and Directory of Pretoria, 1913.**  
Pretoria: Transvaal Reliable Agency. 1913.

Lon-01 **Longland's Pretoria Directory of 1899.** Pretoria: State Library. 1979.

Sta-02 Kuipers, H. & De Bruyn Prince, H.C. **Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898.** Pretoria: Staatsdrukkerij. 1898.

Sta-03 Kuipers, H. & De Bruyn Prince, H.C. **Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek.** Pretoria: Staatsdrukkerij. 1899.

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel

---

Verlede maand het ek geskryf oor die wapenhandelaar George Kynoch. Baie mense het gevra of daar enige verbintenis is tussen Kynoch die wapenhandelaar en Kynoch die kunsmisvervaardiger. Is daar miskien iemand wat 'n antwoord het?

---

#### Die volgende van Albrecht Holm

Goeie dag Rosa,

Baie dankie vir jou gereelde Pretoriabrief. Ek vind dit baie insiggewend en geniet dit elke keer.

Vandag het ek weer 'n vraag oor geskiedenis hier by Hartbeespoortdam waaroor daar dalk in die ou staatkoerante antwoorde kan wees: Generaal Hendrik Schoeman wat 1886 hier kom boer het, het in 1896 hier 'n groot dam in die Krokodilrivier gebou en dit die Sophiasdam genoem na sy vrou. Daar was 'n berig in die staatskoerant oor die omvangryke besproeiingskema en groot planne van H. Schoeman met die dam (kyk aangehegte inligtingstuk). Die dam het egter weggespoel. Nou is daar onenigheid oor die datum van die wegspoel van die dam. Sommige kenners meen dit was voor 1900, ander meen dit was 1909 want daar was 'n berig oor die wegspoel van 'n sogenaamde "Schoemandam" in 1909. Ek vermoed dat dit nie die Sophiasdam was nie maar 'n latere dam wat Johan Schoeman, Hendrik se seun, gebou het nadat die Sophiasdam weggespoel het. Kan jy dalk help?

Terwyl ons van wegspoel in die Krokodilrivier praat. Die ZAR regering het in 1891 op die plaas van Hendrik Schoeman 'n groot brug oor die Krokodilrivier gebou. Volgens H. Rex was dit 'n staalbrug en was dit die Schoemanbrug genoem. In 1893 was daar 'n geweldige vloed waaroor ene August Behrens berig. Hy berig dat "die brug" in die nag weggespoel het. My vraag is weer: was daar enige berig in die staatskoerant van die wegspoel van die Schoemanbrug? Indien dit wel so was, wat het met die staal gebeur? Is dit weer hergebruik?

Hartlike groete,  
Albrecht Holm